# LEEUKOP-KONTOERPAD 2022

| ROETE: | Kloofnek-parkering, Seinheuwel en Kontoerpad | DATUM: | 22 Januarie 2022 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

11 Volwassenes en 2 kinders het op 22 Januarie 2022 om 6:45 bymekaargekom by die Kloofnek parkeerterrein. Temperature van laat 30s tot vroeë 40s is vir die dag voorspel. Nadat die administrasie afgehandel is doen Niel vir ons 'n gebed. Ons begin stap met die kwik wat reeds op 30 grade celsius staan. Die paadjie teen die eerste bult is effe steil en vinnig besef ons dat ons vandag gaan stap om klaar te kry. Die hitte is voelbaar vanuit die grond en die sirkulêrende lug. Gelukkig waai daar 'n effenese windjie wat help om die sweet te verdamp.

Ons stap by die Seinheuwel kramat verby waarvan daar geskryf is: " The circle of Kramats in Cape Town is a shrine to Muslim holy men buried in Cape Town. Legend goes that it is this circle that protects Cape Town from earthquakes and National disasters.

Kramats or Mazaars, the holy shrines of Islam, mark the graves of Holy Men of the Muslim faith who have died at the Cape. There are more than 20 recognized kramats in the Peninsula area, with at least another three in the outlying districts of Faure, Caledon, Rawsonville and Bains Kloof." (https://www.sahistory.org.za/place/circle-kramats-cape-town).

Ons sien etlike ander grafte langs die pad soos wat ons op beweeg tot by die valskermsweefarea op Seinheuwel. Hier sit etlike mense lui rond en die valskermspan wag ongeduldig vir die wind om op te kom sodat hulle toeriste en inwoners kan uitneem op 'n sweef avontuur. Onder die bome sit ons vlugtig en rus vir 10minute voordat ons die laaste deel van die stap aandurf. Dit is vinnig besig om ernstig warm te raak.

Met die vele afdraaipaadjies en baie gesels, mis ons die eerste afdraai na die kontoerpad. Ons stap dus maar weet tot by die Kramat waarvandaan ons op die kontoerpad kom. Ons stap tussen bloekombome bokant pragtige huise met Robbeneiland in die vêrte en die wye blou see wat voor ons uitstrek. Onder ons lê Clifton se strand, gepak met swemmers en strandgangers wat 'n lafenis in die koel water soek. Onder die bome rus ons weer 'n rukkie waarvandaan ons na die motors terugkeer. Die kwik lees 38 grade celsius en almal is haastig om 'n koel lafenis in die see of swembad te vind.

Baie dankie aan Michael wat die agterloper was en aan elke stapper wat die hitte getrotseer het om saam te stap. Volgende keer durf ons die valskermsweef aan! Meters geklim = 262m

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Cluette Cloete | 2021003 | R 10 | 10 | Moes eintlik R5 wees |
| Madie Krause | 2022008 | R 10 | 10 | Moes eintlik R5 wees |
| Wynand Krause | 2022009 | R 10 | 10 | Moes eintlik R5 wees |
| Miranda Myburgh | 2022062 | R 5 | 10 | |
| Freddie Pohl | 2022060 | R 5 | 10 | |
| Susan Pohl | 2022061 | R 5 | 10 | |
| Waldemar Smuts | 2022049 | R 5 | 10 | |
| Estelle Smuts | 2022048 | R 5 | 10 | |
| Niel Visser | 2022006 | R 5 | 10 | |
| Sharon Visser | 2022005 | R 5 | 10 | |
| Mike Smuts | 2022057 | R 5 | 10 | |
| Joshua | Familielid | R 5 | 10 | Miranda Kleinkind |
| Kaleb | Familielid | R 5 | 10 | Miranda Kleinkind |
| | | | | |
| | TOTALE: | R 80 | 130 | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | Nie geneem |
|---|---|
| ITEMS GEBRUIK: | |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| VERSLAG DEUR: | Estelle Smuts |
|---|---|